Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 9 April 1952. Prys 3d. Nr. 19.

# ONS BOU 'N REPUBLIEK

## O.B. SE KOERS

**In 'n boodskap aan al die lede van die Ossewabrandwag verklaar mnr. J. A. Smith, die waarnemende leier van die O.B., dat lede en ondersteuners koel moet bly en koers moet hou in die troebele tyd wat nou 'n aanvang gaan neem as gevolg van die Appèlhof se uitspraak en die voorgestelde wetgewing van die Regering tot inkorting van die howe se regte. Veral moet hulle hul nie begewe in bakleiery op partypolitieke vergaderings nie.**

**Genl. Smith verklaar voorts:**

### UITTARTING

Met hierdie waarskuwing, laat dit goed verstaan word, wil ek geensins te kenne gee dat wat op die partypolitieke terrein aangaan ons nie raak nie. Dit raak ons volk en dus vir ons. In die eerste plek keur ons die uittarting van die blanke se seggenskap in ons vaderland deur die agente van Britsisme wat optree as kampvegters van die sogenaamde verdrukte Kleurlinge en Naturelle ten sterkste af en sal dit bestry, maar nie as huurlingtroepe van 'n politieke party nie. Daardie uittarting van ons volksgevoelens word deur die teenstanders van die regering op grond van die uitspraak van die hof oor die Kleurlingwetgewing gedoen.

### KOERS

**Dit is hierdie gebeurtenis, hierdie aangeleentheid wat ons in die regte lig moet sien om koel te kan bly en koers te hou, die O.B.-koers, te midde van die warboel en opsweping van gevoelens wat aan die gang is en erger gaan word namate die verkiesing nader.**

Laat ons dit nogmaals probeer duidelik stel. Eerstens, dit blyk nou dat ons 'n grondwet het wat weens die verskanste artikels daarin 'n ongenoemde mag (Britse parlement, die regbank of wie ookal), seggenskap laat oor wetgewing insake Kleurlingstemreg.

Tweedens, het die regering toe hy as verweerder 'n proses in die howe gevoer het, en dit tot in die Appèlhof, die hof se toetsingsreg in daad erken. Daardie reg is die hof vooraf nie ontsê nie. Slegs nou word dit betwis ná die uitspraak nie ten gunste van die regering gedoen is nie.

### TOETSINGSREG

Die beswaar kom nou feitlik daarop neer dat die hof nie die klaers in die gelyk moes gestel het nie. Daardeur het hy sy toetsingsreg verbeur! Laat ons dit so stel: **As die hof die regering in die gelyk gestel het, as die regering die saak gewen het, sou die toetsingsreg net so min as in 1937 na die uitspraak betwis gewees het.** Die regerende party sou die Opposisie dan vertel het dat die hof hom die reg gee om daardie wetgewing toe te pas, en dat hy volgens die grondwet gehandel het. Dit sou die argument by die verkiesing gewees het. Daarom het hulle die wet deur die hof getoets. Trouens, dit is wat hulle verklaar het en die Opposisie op uitgedaag het. Die hof sou hulle gelyk gee.

### LAPWERK

Laat ons ook derdens, daaraan herinner dat die uitspraak die deur nie meer oop laat as wat dit oopgestaan het voor en nou nog oopstaan na die „verkeerde" uitspraak vir mense om ander sake wat moontlik mag volg op die voorgenome wetgewing-van-terugwerkende - aard, aan te gaan nie. Die deur het oopgestaan vir sulke toetsingsregsake en of dit deur die voorgeneme wetgewing gesluit gaan word met sukses, moet ons nog sien. **Dit is alles lapwerk wat voorgestel word, so onbestendig as die partye self is.** As die regering die saak gewen het, sou hy geen „Hofproef"-wetgewing gaan indien het nie, want die toetsingsreg was nie en sou daarna nie betwis geword het nie.

### FLATER

**Die flater is net so groot as die versuim van die regering om vir eens en vir altyd die volk se staatkundige soewereiniteit in 'n vrye republiek te bevestig en dit saam is die oorsaak van die verbete stryd wat nou in die volksgeledere ontketen word.** Die kwessie van soewereiniteit word net so verknoei as die Kleurling- en Naturellekwessies met al die lapwerk-wetgewing. **Wat hulle nou gaan doen, is 'n aansporing vir die jingokliek in Suid-Afrika om alles weer omver te werp sodra hulle aan bewind kom. Met hierdie partystelsel gaan hulle weer eersdaags aan bewind kom.**

(Vervolg op bladsy 2, kolom 5)

# 41 NUWE LESERS HIERDIE WEEK

**Nog steeds is ons ywerige lesers besig om nuwe intekenare vir ons blad te werf sodat ons hierdie week die vrugte van 'n uitstekende poging kan publiseer: nie minder as 41 nuwe intekenare vir verskillende tydperke!**

**Daar word dikwels in O.B.-kringe gevra na aksie. „Gee ons iets om te doen," is die beroep wat op die O.B.-leiding gedoen word. Aksie beteken nie net die aanry van stemme eenmaal in vyf jaar nie. Voordat enige groot slag gelewer word, vind daar 'n lang tydperk van voorbereiding en mobilisasie plaas. O.B.-lede wat tans hul medewerking verleen deur die werwing van intekenare op ons blad, is besig met daardie voorbereidende aksie. Hulle is besig om die „tyd ryp te maak" vir die republiek, want die idee moet eers kom, dan die daad; en deur intekenare te werf brei hulle die idee uit. Die oomblik van optrede kom miskien baie gouer as wat meeste van ons verwag.**

Van mnr. J. L. Crafford, Louisvale, het ons drie intekenare vir een jaar elk ontvang; van mnr. A. Bellingan, Kirkwood, twee vir een jaar; van mnr. P. H. Vermaak, Patentie, 1 vir een jaar; van mnr. P. A. le Roux, Zuurbraak, 1 vir een jaar; van Oudstryder, Groot Marico, twee vir ses maande en elf vir een maand; van mnr. G. van der Smit, Outjo, 1 vir ses maande; van mnr. W. Alberts, Outjo, 4 vir drie maande; van „Suidwester," Outjo, 4 vir drie maande; van mnr. M. C. Joubert, Rayton, 12 vir een maand behalwe dat hy nog vir homself ook vir 'n jaar laat inteken. Hier het ons dus die goeie voorbeeld van 'n nuwe intekenaar wat sommer dadelik nog twaalf ander met hom saambring!

Ons is baie dankbaar vir hierdie pragtige medewerking van ons lesers. Hou so aan!

## AMPTENARE NA LONDEN VIR REKENSKAP

**'n Empire-konferensie van tesourie-amptenare sal aanstaande maand in Londen gehou word om ondersoek in te stel na die Empire se sterlingposisie. Die amptenare sal ook moet rekenskap gee van hul afsonderlike lande se bydrae tot Brittanje se geldelike krisis en verslag moet doen in hoever daar uitvoering gegee is aan die ondernemings van hul ministers tydens die finansiële Empire-konferensie in Januarie jl.**

**Suid-Afrika en Suid-Rhodesië sal ook verteenwoordig wees.**

## Nehru Allig Na Moskou

Stalin het die Indiese eerste minister, Pandit Nehru, na Moskou uitgenooi nadat die Indiese gesant in Moskou 'n baie simpatieke verklaring gedoen het na 'n onderhoud wat hy met Stalin gehad het. Daar word verwag dat Nehru eersdaags na Moskou sal vertrek.

# Drie-Honderd Jaar Maar Nog Onmondig

**Die konstitusionele krisis wat ons vandag belewe toon heelwat interessante kenmerke. Die vernaamste is dat ons Grondwet nou in die kalklig kom en dat sekere veranderings nou essensieel word. Die huidige bewind sluit dus hul vyf jaar af met dit waarmee hulle behoort te begin het: naamlik konstitusionele hervorming.**

**Dit gee stof tot dankbaarheid dat ons Smutsiaanse Grondwet nou eindelik die aandag gaan geniet wat dit toekom. Aan die ander kant voel 'n mens besorg omdat ons bestaande Grondwet moontlik nog verder op Britse model ontwikkel gaan word. Dit gee mens die indruk dat iets noodwendig Brits moet wees om goed genoeg te wees vir Suid-Afrika. Soos in Engeland moet die Parlement nou die hoogste hof van appèl wees om te oordeel oor die Parlement self. In Engeland het hulle darem „Law Lords" — en ons?**

**Deur A. J. van Rooy**

**Getrou aan sy amp opponeer die Opposisie dit. Dit spreek boekdele vir die pligsgetrouheid van die Opposisie dat hulle die Regering opponeer selfs in hulle poging om Suid-Afrika verder te verbrits. As hulle konsekwent in hierdie houding wil volhard, kan ons hulle alleen die beste toewens.**

Wat nog meer belowend is, is die feit dat die Opposisie nou blykbaar wegbreek van die voorbeeld van wyle hulle groot leier, genl. Smuts. Dit is goed bekend hoedat Smuts destyds vir president Kruger gesteun het in sy stryd teen hoofregter Kotzé en sy toetsingsreg. Kruger het vir Kotzé ontslaan nadat Kotzé die toetsingsreg nog wou toepas, selfs nadat die Volksraad besluit het dat die hof nie toetsingsreg het nie; en Smuts het vir Kruger hierin ondersteun.

### SMUTS IGNOREER SENAAT

Wat minder bekend is, is die feit dat genl. Smuts die Transvaalse Parlement (laerhuis) net voor unifikasie 'n besluit laat neem het, waarin aan elke Transvaalse Volksraadslid 'n som vn £250 as 'n afskeidsgeskenk toegeken is. Hierdie toeeiening van staatsgeld het groot verontwaardiging in Transvaal gaande gemaak en die senatore het besluit om daarteen te stem.

**Genl. Smuts het toe besluit om die Senaat maar te ignoreer en om die bedrae uit te betaal sonder om die saak voor die senaat te bring. Die saak is toe na die hof, en die hof het gesê dat genl. Smuts onwettig handel. Desnieteenstaande het die Volksraadslede elk hulle £250 gekry.** Met die orige geld in die staatskas het genl. Smuts die Uniegebou gebou; maar dit net terloops.

### GEVORDER

Waar die Opposisie nou so 'n groot gevoeligheid toon oor die uitspraak van die Appèlhof, het hulle beslis gevorder vanaf die dae van genl. Smuts en voel 'n mens dat jy vir hulle moed begin kry. Hulle word nou anti-Westminster en anti-Smuts.

**Ongelukkig wil hulle blykbaar nie meehelp om 'n eie, gesonde Suid-Afrikaanse staatsreg te ontwikkel nie, maar verwys hulle nou na die Amerikaanse voorbeeld.** Die regering-opposisie-teenstelling gaan nou blykbaar 'n John Bull-Uncle Sam-teenstelling word. Die een sal sê: In Engeland maak mens so! En die ander sal sê: In Amerika maak mens sus! **En nieteenstaande Jan van Riebeeck reeds 300 jaar gelede geland het, is daar vandag niemand (behalwe die O.B.) wat opstaan en sê: In Suid-Afrika maak mens so! nie. Ons land is al 300 jaar oud en nog steeds onmondig.** Ons het gehoop dat ons nou al die verkryging van ons republiek kan vier, maar omdat ons geen sodanige prestasie het waaroor ons fees kan vier nie, vier ons ons verjaardag op 'n groot skaal. Wat 'n troos!

### GEEN VERDIENSTE

**Om te verjaar is geen prestasie nie — elke mens kry dit elke jaar reg.** Maar nie elkeen kry dit elke jaar reg om iets te presteer nie. En Suid-Afrika kry dit nie eers in 300 jaar reg om staatkundig mondig te word nie. Ons doen nog maar steeds so omdat dit in Engeland of selfs Amerika so gedoen word.

Wat ons vandag nodig het is 'n staatsman met die eienskappe van 'n argitek. Ons het 'n man nodig, wat vir ons die Suid-Afrika van die toekoms kan teken, en wat ook weet hoe om dit wat hy so helder en noukeurig gekleur het, binne 'n korte tyd werklikheid te laat word.

### BRITSE DENKWYSE

Opvallend is dat ons almal vandag nog tipies Brits in ons staatkundige denke is. Waar die ander nasies van die wêreld daarvan hou om vir hulle 'n mooi staatkundige stelsel uit te dink, en hulle land daarvolgens te beplan en te hervorm, daar is die Britse gedagtegang totaal anders: die historie skep self die staatsvorm. Die Engelse hou wat hulle het, maar pas dit gedurig aan by wisselende omstandighede op 'n manier wat vir 'n buitestaander baie keer gebrekkig lyk.

Vandag is dit ook nog maar die beleid van elke regering in Suid-Afrika — behou die bestaande, maar pas dit aan by die behoeftes van die tyd. **Wanneer sal ons eendag ten volle ontnugter word en besef dat ons Grondwet nie die vrug is van ONS geskiedenis nie, maar die produk van Britse historie? Wie op die bestaande stelsel voortbou, moet verwag om steeds onaangename verrassings te kry, en om aan die einde van hulle politieke arbeid te sien dat alles tevergeefs was.**

Noudat ons klaar verjaardag gevier het, sal ons nie weer almal skouer aan die wiel sit en probeer om dit nog te beleef dat ons iets beters vier as net 'n verjaardag nie!

**Mag die Regering se soeke na alles wat goed is in Westminster en die Opposisie se soeke na alles wat goed is in Washington, ons opwek om te soek na wat goed is in ons eie verlede in ons eie Suid-Afrika.**

DIE O.B., WOENSDAG, 9 APRIL 1952

# CALVINISME EN BRITSISME

By geleentheid van die Van Riebeeck-fees verlede week is ook 'n konferensie van Calviniste gehou, en dit was ongetwyfeld een van die mees gepaste gebeurtenisse by 'n fees wat die stigting van ons volk in herinnering wou roep — al het dit buite die amptelike bestek van die vierings plaasgevind — want ons volk is Calvinisties kragtens sy herkoms, en al die groot momente in sy verlede was beheers deur die riglyne van hierdie lewensbeskouing. **As ons aansluiting wil vind by ons volksverlede, op watter gebied van die lewe ook al, kan dit alleen in die gees van die Calvinisme geskied.**

**En nou het een van die referente, dr. H. G. Stoker, beklemtoon dat die grootste gevaar wat die Calvinistiese grondslag van ons volk bedreig, die vermenging van strydige beginsels en beskouings mét ons eie geestelike erfenis is.** Die waarheid van hierdie stelling val 'n mens op wanneer jy 'n blik oor ons openbare lewe laat gaan. Ons noem net 'n paar:

Op arbeidsgebied volg ons volk vandag die Britse arbeidsidee en -organisasie met sy grondslag van klassestryd. Die arbeider moet teen die werkgewer georganiseer word en moet so min as moontlik vir soveel as moontlik lewer — in Brittanje word werkers selfs deur hul vakbonde beboet as hulle meer as 'n voorgeskrewe hoeveelheid werk verrig. Hierdie arbeidsgedagte is die wortel van die kommunisme en staan op een voet met die rewolusieleerstellings van Karl Marx. Maar dit is in Suid-Afrika uit Brittanje ingevoer met organisasiestelsel en al, **en die praktiese gevolge daarvan kan enigsins besef word wanneer ons onthou dat ons 'n jong en klein volkie is wat op 'n groot vasteland alleen tot hoogtes kan ontwikkel wanneer elke man en vrou elke ons van hul krag inwerp om ons land te ontwikkel. Met mense wat weens 'n waninstelling weier om 'n volle dagtaak te verrig, is daar vir ons volk geen toekoms nie — dan staan hy op voete van klei. En dit is onrusbarend dat ons grootste arbeidstoevoer by wyse van immigrasie nog steeds uit die Britse stagnate bron is.**

### „IN SES DAE . . ."

Arbeidsplig en arbeidseerlikheid is 'n opgelegde taak vir elke mens wat onder meer ook vervat is in die gebod: „In ses dae **moet** jy arbeid . . ." Maar hierdie taak, wil ons geredelik erken, word aansienlik bemoeilik deur nog 'n verkeerde stelsel wat deur ons volk uit die vreemde oorgeneem is: die kapitalistiese ekonomiese stelsel waarin die man met geld die baas is en die man met net arbeidskrag die klaas. **Dit was goed dat op die konferensie in een van die lesings ook daarop gewys is dat Calvyn die arbeider nie net as werker wou sien nie, maar as deelgenoot aan sy bedryf. Dit is dus glad nie 'n nuwerwetse gedagte van die Ossewabrandwag nie wanneer hy pleit dat aan werkers ook 'n aandeel gegee moet word in die bestuur en winste van hul bedrywe. Dit verhoog hul waardigheid as mense en dus ook hul bydra, en ondervang die kommunisme wat uitbroei in die klassestryd.**

Die kleuropvatting van ons volk, wat rassesuiwerheid wil handhaaf deur skeiding van die rasse, is gebore uit ons Calvinistiese aanvaarding van die verskeidenheid in die skepping, ook ten opsigte van volkere, wat almal uit een bloed gemaak is met „bepaalde tye en grense." Hierdie opvatting bied die enigste toekoms vir ons as volk in hierdie swart kontinent, maar ook hier is ons so 'n verlammende steek toegedien deur die ingevoerde Brits-liberalistiese opvatting wat alle skeiding wil uitwis, en wat ons reeds gedeeltelik in ons staatspraktyk aanvaar het.

### MET VREEMDE WAPENS

**En selfs in sy metodes van verset teen die vreemde beginsels is ons volk nie vry van vreemde smet nie. Op politieke gebied wil ons die liberalisme beveg met die Britse liberalistiese demokrasie in sy mees afbrekende vorm — die partystelsel, waar opposisieskap tot 'n beginsel, 'n doel op sigself, verhef is.** Van wyle president Kruger word gesê dat hy tydens die stryd oor die toetsingsreg teen hoofregter Kotzé gesê het dat die toetsingsreg van die duiwel is omdat die duiwel vir die eerste maal al die wet van God in die Paradys wou toets. In dieselfde sin kan ons van die partystelsel sê dat dit duiwels is omdat die duiwel opposisieskap tot doel, 'n beginsel, gemaak het om alle werke van God teen te staan. **En as ons let op die vernietigende uitwerking wat hierdie opposisieskap ter wille van opposisie op die volmaakte skepping van God gehad het — sodat alles uiteindelik verbreek en herskep sal moet word, kan ons enigsins 'n besef vorm van die verwoestende uitwerking op ons eie, onvolmaakte werke wanneer 'n volk hom met 'n stelsel behelp waarin hy 'n amptelike en besoldigde plek inruim aan opposisieskap ter wille van opposisieskap.**

**Ons vrees dat ons volk sy geestelike erfgoedere eers na waarde sal kan gebruik wanneer hy die vreemde stelsels in sy staat en samelewing vervang deur sy eie skeppinge, want alleen so sal daar ook die gunstige atmosfeer geskep word waarin ons eie lewensbeskouing kan bloei.**

# Van die Os op die Esel

Die uitspraak van die Appèlhof het die tonge nog steeds gaande, en ek wil voorspel dat die tonge nog vir baie lank aan die gang sal bly. Republikeine wat met groot onrus die politieke gang in die rigting van groter Empire-gebondenheid in die afgelope paar jaar gade geslaan het, het weer moed gevat en meen dat die stryd oor ons konstitusie wat deur die hofuitspraak ontketen is, weer tot nuwe republikeinse hoogtes sal voer. Ek wil vertrou dat hierdie verwagtings nie teleurgestel sal word nie. **Op die oomblik is dit nog lank nie 'n republikeinse vryheidstryd wat ontketen is nie, maar dit is heeltemal moontlik dat dit in daardie rigting kan ontwikkel, veral as alle republikeine, ongeag in watter politieke verband hulle staan, alles in hul vermoë doen om die stryd in daardie rigting te stuur;** want alleen die republiek op ons volkseie grondslag sal per slot van rekening 'n oplossing sowel aan ons konstitusionele as ons kleurvraagstuk kan bring.

### *Waaroor dit gaan*

Maar dan is dit nodig dat ons baie duidelik onderskei tussen die saak waaroor die stryd tot sover gaan en die republikeinse ideaal. **Die blote feit dat die regering in sy oproep tot die stryd teen „imperialisme" nie manne soos 'n De Wet of Steyn aanhaal nie, maar 'n Smuts en 'n F. S. Malan, moet tog al dadelik getuig dat ons nie hier te doen het met die republikeinse stryd as sodanig nie.** Sedert 1906 het genl. Smuts die republikeinse pad verlaat en hom onherroeplik op die Empire-pad begewe. Geen aanhalings uit sy toesprake sedert daardie tyd kan gebruik word om die wenslikheid van 'n republiek aan te toon nie, en dieselfde geld vir F. S. Malan. 'n „Vryheidstryd teen imperialisme" moet dus heeltemal iets anders beteken wanneer die voetspore van genl. Smuts as die leidsman oopgekrap word.

Die wese van die stryd gaan oor die toetsingsreg van ons howe: het die howe die reg om wette van die parlement ongeldig te verklaar? Dieselfde stryd kon net sowel in Brittanje ontstaan het. Die Engelse praktyk handhaaf dat die howe nie die reg het nie. Geen hof in Brittanje het die reg om ondersoek in te stel of 'n wet van die Britse parlement wettig is of nie. Die parlement se gesag is bo die howe verhewe. **Dit is die opvatting in Engeland, en daarom swyg die anders so spraaksame Britse pers oor ons regering se verleentheid. In sy hart moet elke opregte Brit met ons regering saamstem — ten minste sover dit sy standpunt betref.** Oor sy metodes kan daar verskil van mening wees, net soos daar verskil van mening onder die regering se eie ondersteuners is.

### *Treur oor Geheime Raad*

Ek verneem dan ook dat die regering nou kwaad vir min. C. R. Swart is omdat hy 'n paar jaar gelede die appèl na die Britse Geheime Raad afgeskaf het.

Hulle beweer dat indien die reg van appèl na die Geheime Raad nog van krag was, die regering nou teen die Appèlhof se uitspraak kon geappelleer het na hierdie hoogste Britse hof, wat die regering dan gelyk sou gegee het omdat dit in ooreenstemming met die Britse opvatting is.

Maar as ek sê dat dieselfde stryd net sowel in Engeland kon ontbrand het, en dus op sigself niks te doen het met ons tradisionele vryheidstryd teen die Britse Empire nie, dan is dit net so waar dat dieselfde stryd ook in die Transvaalse Republiek geheers het toe hoofregter Kotzé besluite van die Volksraad onwettig wou verklaar. President Kruger het toe ook dieselfde stryd gevoer, **maar nie teen Brittanje of teen Britse oorheersing nie,** dog net teen Kotzé en die stelling dat die hof die toetsingsreg het.

**Daarom sê ek dat die huidige konstitusionele stryd op sigself nog niks te doen het met republikanisme nie, al sleep die Nasionale Partyleiers die woord „imperialisme" daarby.** Dit kan hoogstens nog oorslaan in 'n republikeinse stryd indien en sodra die Nasionale Partyleiding besef dat ons alleen uit die gemors kan kom as ons 'n republiek uitroep waarin geen hof hom kan beroep op voorwaardes van Britse vryheid nie, en waarin die regeringsgesag ook nie betwis kan word op grond van die feit dat dit maar net partygesag is wat 'n minderheid van die volk verteenwoordig nie. Want in ons republiek sal die regering waarlik volksverteenwoordigend wees omdat hy op 'n volksgrondslag saamgestel sal word en nie op 'n partygrondslag nie.

### *Sappe Inkonsekwent*

Ek moet sê ek vind die optrede van die Verenigde Party en sy pers in hierdie Appèlhofstryd buitengewoon inkonsekwent. Hierdie mense is steeds so behep met alles wat Brits is dat **dit mens verbaas** dat hulle nou so te kere gaan oor die erkenning van 'n reg wat vreemd aan die Britse opvatting is. So skryf die Cape Times jou waarlikwaar in 'n hoofartikel dat prof. Wade — wat die regering se standpunt steun — slegs bewys „dat die **Britse** parlement nie aan die howe onderhewe is nie, maar dat hy nie aantoon nie **waarom die Statuut van Westminster vertolk moet word as sou dit die Britse leerstelling onveranderd na Suid-Afrika oorgeplant het."** Hoe is dit op aarde moontlik dat 'n Engelse koerant en 'n Engelsgesinde party hul bes doen om te ontken dat 'n Britse opvatting nie ook in Suid-Afrika geld nie? Die verklaring is egter heel eenvoudig: **vir 'n politieke party is dit net so maklik om die Empire en die „Mother Country" te verloën indien dit hom 'n paar setels kan besorg, as wat 'n politieke party die republiek kan verloën om dieselfde rede. Die paar setels wat met behulp van Kleurlingstemme gewen kan word, weeg vir die Verenigde Party oneindig swaarder as die sentiment aan die „Mother Country."**

### *Nog 'n Les*

En hier lê nog 'n les vir ons republikeine opgesluit: **Eerlike beginselstandpunt is onmoontlik onder die Britse partystelsel, want nie beginsel nie, dog setels en stemme gee die deurslag en bepaal die beleid.** Wat die Suid-Afrikaanse standpunt is ten opsigte van kleurverhoudings sal dus alleen vasgestel kan word buite en bo die partypolitiek. **Daarom glo ek dat dr. Malan — of wie ook al — speel-speel 'n tweederde-meerderheid vir 'n segregasiebeleid sal kry indien ons 'n ander stelsel het as die partystelsel.** Daarom sê ek: die oplossing uit al ons moeilikhede is 'n republiek sonder die partystelsel. Solank ons nie by die republiek begin nie, span ons die perde voor die kar in.

# Die Pot en Die Ketel

Senator Reitz (Nasionalis) het in die Senaat gesê dat dit waar mag wees dat die regering die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike kieserslys wil verwyder om daardeur addisionele setels in die parlement te verkry, maar dit is ook waar dat die Opposisie hulle vir dieselfde rede op die gemeenskaplike lyste wil hou.

# O.B. SE KOERS

(Vervolg van bladsy 1, kolom 5)

**Dit herstel niks en beteken niks meer as 'n tydelike fopspeen vir wie daaraan wil suig nie.**

### NIKS BEREIK

Bowendien is deur daardie wyse van optrede die konstitusionele kwessie in die stryd oor die Kleurlingkwessie gesleep. Ons volk gaan niks deur al die lawaai en wetgewing bereik nie, deur die howe tydelik ondergeskik aan partyseggenskap te stel nie.

Dit spyt ons. Graag sou ons tog iets in die rigting van 'n oplossing van die Kleurlingstemregkwessie gedoen wou gesien het en selfs liewers die ongeldig verklaarde wet in werking gesien het as 'n hofuitspraak en al die gedoente daaroor.

Daarom is my boodskap: Bly koel en hou koers. Ons **het** 'n Afrikanernasie, ons moet 'n republiek **bou**.

memo oor persoonlike keurigheid




Produkte van Suid-Afrika

Enigste Distribueerders in Suid-Afrika:

H. J. Niehaus (Edms.) Beperk

Posbus 4883, Johannesburg

Posbus 2108, Kaapstad

# BRITSE KONNEKSIE SKEP WARBOEL

**Mnr. P. C. Kruger, Blinkwater, Pk. Stofberg, skryf.**

Daar kon niks beter gebeur het nie as die uitspraak van die Appèlhof oor die Kleurlingwet — dit sal miskien baie wat al aan die slaap was, wakker laat skrik. Ons was sedert 1902 nog niks anders as 'n onderdeel van die Britse Empire nie. Ons grondwet is 'n Engelse wet, en as ons parlement se wette eers getoets kan word aan die bepalings van die Engels-gegewe wet, dan is ons wetgewende mag ondergeskik aan die Britse wetgewende mag.

Ons is mos nie selfstandig langs die Britse Empire nie — die Britse koning se kop pryk nog altyd op ons muntstukke en ons parlementslede moet nog altyd trou sweer aan die Britse staatshoof, en toe daar 'n nuwe koning aangewys moes word, het die Britte 'n koningin aangewys sonder oorlegpleging met ons regering. Laasgenoemde moes maar net aanvaar wat die Britte besluit het en so spoedig moontlik opnuut aan haar trousweer. Die storie dat ons 'n aparte koninkryk is, is baie ver van die waarheid. Waar het hierdie storie ons nie gebring nie — in 'n konstitusionele warboel! Die waarheid het die leuen agterhaal en hom aan sy stert omgeruk sodat elkeen sy bakkies kan sien.

Ek kan nie sien hoe regters hulle oor die wettigheid van wette kan uitspreek nie. Is hulle dan nie daar om toe te sien dat die wette van die regering uitgevoer word nie? As hulle nou die keurders van ons wette gaan word, dan het ons nie meer 'n senaat nodig om die wette goed of af te keur nie. Op konstitusionele gebied is ons al reeds in die war, gaan ons regswese nou ook in die war kom?


**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

**Vir herhalings 25 persent afslag.**

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### BETREKKING GEVRA

**Getroude man,** 45 jaar oud, soek betrekking. Goeie kennis van melkery en melkbeeste en ook gemengde boerdery. Twintig jaar ondervinding van melkplaasbestuur.—**P. Hoffmann,** Winkelpoort, oor Kroonstad. 2/4/B

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR,** kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 1)1/9/49


# Republikeinse Front Nodig

**Mnr. J. F. Burgers, Pk. Dovesdale, Ventersdorp, skryf:**

Eersdaags sal 'n nuwe leier vir die O.B. gevind moet word. Dis natuurlik 'n besluit wat òf 'n Offisierslaer òf die Grootraad sal neem, maar intussen wil ek graag aan die hand doen dat ons tot 'n verstandhouding kom met die Nuwe Orde.

Die Nuwe Orde is in sy wese ook 'n republikeinse organisasie en die aaneenskakeling van ons twee organisasies sal ons groter krag gee. Die Nuwe Orde-nuusbrief kan ingelyf word by Die O.B. wat onmiddellik 'n wyer leserskring sal meebring vir albei kante. Ons doelstellings verskil tog nie hemelsbreed nie.

Ek beskou so 'n gemeenskaplike republikeinse front noodsaaklik. Daarin moet die nadruk nie soseer op die republiek val nie, maar wel op die inhoud daarvan.

Afgeskei van Britse Imperialisme en wêreldkapitalisme wat voor die aand van sy algehele vernietiging staan, moet ons uitstaan as 'n blinkende lig vir die volkere, hierin dat ons uitlewe en nie net verkondig nie: „Het jou naaste lief soos jouself en God bo alles."

Waar ons nasionale volksgevoel en tradisie wegsmelt in die wording van 'n „nuwe nasie" staan die Ossewabrandwag bykans enig in die handhawing van ons nasionale trots en trou. Daar is 'n plig wat roep!

# Nas. Party en Republiek

**„Jong Vrystater," skryf:**

Ek voel dat ek my in die laaste tyd nie meer kan vereenselwig met u blad se houding teenoor die Nasionale Party nie. Die Nasionale Party het ons sleg behandel in die verlede, maar is dit nodig vir u om die geveg nog voort te sit as die volgende feite in aanmerking geneem word, nl.:

(1) Die Nasionale Party is amper 100 persent Afrikaans;

(2) Die Nasionale Party beveg ons nie meer nie en ook nie ons republikeinse ideaal nie;

(3) Die Nasionale Party het self 'n republikeinse ideaal.

Ek gee graag toe dat die Nas. Party foute maak en dat u tereg die foute moet wys, maar om net alleen foute en vervreemde foute aan te haal, word darem eensydig en is niks anders as anti-Nasionale Partypropaganda nie.

Dink u nie dat baie of meeste van die swakhede oor die Nasionale Party nie soseer aan die party verbonde is as aan ons ingevoerde partystelsel nie?

Ek dink dat u beklemtoning van die republikeinse verskil met die Nasionale Party effens kunsmatig is om dit so uit te druk. 'n Republiek binne die Empire wat volgens u die Nasionale Party-ideaal is, is myns insiens heeltemal wenslik as eerste stap en op 'n geleë tyd kan die Empire-bande dan heeltemal afgesny word. Verder is die republiek vandag seker nie praktiese politiek nie.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

(Sal die republiek ooit praktiese politiek word as niemand die republikeinse ideaal daadkragtig verkondig nie, maar daar inteendeel aan ons volk die ideaal van lidmaatskap aan die Britse Statebond „onder alle omstandighede" voorgehou word? **Die Suid-Afrikaanse Party was in 1910 ook „amper 100 persent Afrikaans," en juis omdat dit so was en die leiers toe ook Britse vryheid „voorlopig" as ideaal voorgehou het (omdat 'n republiek nie praktiese politiek was nie), het daardie party van goeie republikeine goeie imperialiste gemaak sodat dié party later amper 100 persent Britsgesind was.** Ons moet die lesse uit die geskiedenis leer. Weens die partystelsel begin goeie Afrikaanse leiers die spel van uitoorlêery te speel, aanvanklik met die doel om die Engelse uit te oorlê, maar dit eindig gewoonlik met uitoorlêery van die eie volgelinge. En omdat ons oë oop is vir hierdie gevaar van die partystelsel, ag ons dit nodig om te waarsku as die verwagte afwykinge tevoorskyn tree.—RED.)

# Moet Stryd Nou Voortsit

**„Boereseun," Noordweste, skryf:**

Dit doen ons jong Afrikaners goed om in Die O.B. te lees hoeveel republikeinsgesinde Afrikaners daar nog is wat weet wat Vryheidsdag, 27 Februarie, beteken en dit aan ons jong seuns en dogters te verduidelik.

Ons kan trots wees op die stryd wat ons voorouers gevoer het vir Afrikaner-vryheid en blankebeskawing terwille van die nageslag. Ons jong seuns en dogters besef seer seker nie hoeveel lyding en smart ons voorouers verduur het nie. Daarom is dit pynlik om te sien hoeveel Afrikaners nog die Empire-partypolitiek naloop tot beswil van die partypolitici en tot ondergang van ons volk. Die partyleiers wankel telkemaal tot vernedering van ons volk en land.

Die partypolitiek kan en sal ook nie in die toekoms vir ons 'n vrye republiek verkry nie, want dit is teen die partypolitieke aard. Wat word dan van ons republikeinse ideale?

Ek voel geneig om te sê dat ons reeds vir 50 jaar Britse slawe is in ons geliefde vaderland. Moet ons nog langer gebuk gaan onder die Empire-juk tot beswil van Brittanje?

Mede-Brandwagte en kamerade, ons mag nie langer swyg nie. Die tyd het aangebreek dat ons ons vryheidstryd vol mannemoed moet voortsit en ons vryheidsideale verwesenlik.

Laat ons trou bly aan ons leuse: Vir my God, my Volk, my Land Suid-Afrika.

Mag die Ossewabrandwag lank lewe en hy sy ideale verwesenlik sien en sy taak voltooi.

# LITAUSE VLUGTELING LEI NATURELLE

Die blanke leier van die African Congress in Noord-Rhodesië, Simon Zukas, is verlede week deur die Noord-Rhodesiese regering aangekeer met die oog op deportasie. Die aansoek om hom te deporteer is Vrydag deur die prokureur-generaal in die hoër hof gedoen op grond van die Noord-Rhodesiese strafregbepaling dat enige persoon wat die vrede van die gebied bedreig of waarskynlik die goeie verhouding tussen die rasse kan versteur gedeporteer of beperk kan word tot 'n bepaalde gebied.

**Zukas is in Litaue gebore en het as vlugteling saam met sy ouers na Noord-Rhodesië gekom net voor die oorlog.** Ná sy universiteitsopleiding het hy hom met die naturellepolitiek bemoei en was hy die eerste witman wat tot lid van die African Congress verkies is. Hy is redakteur van 'n nuusbrief. Die African Congress het in die jongste tyd gedreig met 'n reeks stakings in die myne en spoorweë indien die regering nie aan hul beleid uitvoering gee nie. Nadat die regering geantwoord het dat hy nie vir geweld sal terugdeins nie het dit bekend geword dat wapens op grootskaal onder die naturelle versprei is, sodat daar na skatting vandag nie minder nie as 8,000 gewere in naturellehande is.

## Vraag

Die Suid-Afrikaanse parlement bestaan uit die Koningin, die Senaat en die Volksraad. Vraag: Is die Koningin 'n parlementslid? Staatsregsgeleerdes verskil oor die antwoord.

# Tien Jaar Gelede

## O.B.-DOELSTELLINGS

**In Die O.B. van 8 April 1942 het mnr. J. A. Smith, onderleier van die Ossewabrandwag, die volgende opsomming van die O.B.-doelstellings gegee:**

„Die Ossewabrandwag veg vir 'n nuwe volkseenheidstaat, gegrondves op die Nasionaal-christelike idee; vir 'n staat wat vry sal wees van party-oorwegings en -vooroordele; 'n staat wat geen partystelsel sal ken nie, maar alleen die volkswil en die volksideale; 'n staat waarin die geldmag as heersende euwel aan bande gelê en gedwing sal word tot nasiediens; 'n staat waarin elke man en vrou sy regmatige lewensaandeel sal hê; 'n staat waarin die vryheid van godsdiens aanvaar word en die godsdienstige en sedelike lewe van die Afrikanerdom teen ondermynende praktyke beskerm word; waarin daar doeltreffender beheer oor die pers, die radio, die rolprent en die vermaaklikheidsbedryf uitgeoefen sal word met die oog op die opbouing van 'n gesonde en skeppende volksgees; 'n staat waarin die arbeidskrag van die volk versterk en beskerm sal word teen kapitalistiese uitbuiting; waarin privaat inisiatief binne volksverband en in die volksbelang aangewakker en beskerm sal word teen die georganiseerde geldmag; waarin 'n gesonde gesinslewe as die grondslag van die hele volksbestaan opgebou en aangemoedig sal word tot welsyn van volk en vaderland."


**O.B. VRIENDSKAPSENTRUM**

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

Vir

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*

**Beter Tabak * maak Beter Sigarette**



**Kommando**

**Suid-Afrika se gewildste sigaret**

* *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

GI-5076

# Nog Net Britse Formaliteit Weer Koningin Uit Pretoria

**Die plan om die Britse koningin by die dominiums te laat inwoon vir gedeeltes van die jaar ten einde groter lojaliteit en Empire-eenheid te verseker, is al 'n stap verder gevorder nadat dit 'n tyd gelede in die Britse pers aan die hand gedoen is. Die vraagstuk word reeds druk in Britse parlementêre kringe bespreek en daar is reeds 'n voorlopige formule opgestel wat dit vir die koningin moontlik sal maak.**

**Uit Londen is ook berig dat die verskillende Statebondslande al oor die voorneme gepols is en dat almal gunstig gereageer het.**

Die parlementslid, Norman Dodds, het in 'n persoonderhoud die plan verduidelik en gesê dat moderne verkeersgeriewe dit heeltemal moontlik maak vir die koningin om in 'n dominium te gaan bly en binne enkele dae in Londen terug te wees indien daar 'n krisis sou ontstaan wat haar teenwoordigheid vereis. Origens kan alle staatsake per telefoon of deur middel van dokumente wat per vliegtuig vervoer word, bespreek word.

**Die grootste moeilikheid op die oomblik skyn te wees om 'n metode te ontwerp waarvolgens die koningin genader kan word met die versoek om so rond te woon in haar Empire. Sy mag nie in die parlement onder bespreking gebring word nie. 'n Voorlopige formule is ontwerp wat as volg lui:**

„Dat 'n nederige adres aan die Koningin gebied word wat smeek dat dit haar sal behaag om die raad van haar ministers in hierdie en ander Statebondslande te vra in verband met die wenslikheid dat sy in elke land van die Statebond vir vasgestelde tye woon."

**„LOJALE GEESDRIF"**

**Die berig sluit af met die versekering dat sulke verblywe „van onmeetbare waarde sal wees in die bevordering van lojale geesdrif" oral waar die koninklike gevolg sal verskyn.**

Republikeine sal hoop dat die berig as sou alle dominiale regerings reeds gunstig gestemd wees vir die plan, onjuis is sover dit Suid-Afrika betref. **Aan die ander kant sal dit sekermoeilik vir die Suid-Afrikaanse regering wees om nou 'n versoek om verblyf in die Unie deur die koningin te weier nadat die koning kort gelede met soveel geesdrif na Suid-Afrika uitgenooi was. As mens eers „a" gesê het, word dit moeilik om te weier om „b" te sê wanneer dit kom by die afwyking van beginsels of koers.**

## Stalin nie te Gesond

Dit gaan nie goed met Josef Stalin se gesondheid nie. Sy toestand is vandag een van die vernaamste besprekingspunte in Europese diplomatieke kringe. Na berig word, versleg sy toestand geleidelik en word hy baie selde deesdae gesien. Ondanks hy 'n strenge dieet volg, neem sy gewig toe en sy geheime reise deur Rusland word herhaaldelik vir rusdoeleindes onderbreek.

Dit wil voorkom of die stukke vir sy opvolging al agtermekaar gebring word. So was dit opmerklik dat die geleentheid van Malenkof se vyftigste verjaardag 'n dag van groot feestelikheid was waaraan groot voorrang in die Russiese pers verleen is. Na hom is verwys as „mede-raadgewer van Stalin," waardeur hy op gelyke voet met Molotof geplaas is. Malenkof beklee tans die posisie van „onder-premier."

## BRITTE DOEN BESIGHEID IN MOSKOU

**Onderwyl Britse en Suid-Afrikaanse soldate in Korea teen Sjinese troepe veg en sneuwel, is Britse handelaars fluks besig om handel met Sjina uit te brei op uitnodiging van Josef Stalin.**

**In Moskou is so pas 'n ekonomiese wêreldkonferensie begin spesifiek met die doel om die Westerse handelslui te laat watertand vir Oosterse handelsware in die hoop dat dit verlammend sal inwerk op die Westerse oorlogsvoorbereidsels. Sedert hul aankoms in Moskou het die Britse afvaardiging een stryk deur met die Sjinese onderhandel oor groter handelsuitbreiding.** Hulle het reeds gerapporteer dat „indien die toestand reg gehanteer word, goeie besigheid met Moskou gedoen sal kan word." „Dit is baie duidelik dat hierdie mense (kommuniste) nie hierheen gekom het om propaganda te maak nie, maar om besigheid te doen," lui die Britse rapport.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# WIL MAAR LIEWER SIT EN ROOK: BRITSE HOUDING

**'n Opvallende teenstelling in die Britse en Suid-Afrikaanse begrotings wat 'n paar weke na mekaar gekom het in die atmosfeer van Brittanje se ekonomiese krisis is die houding wat die betrokke regerings ingeneem het ten opsigte van weelde-artikels soos drank en tabak.**

Waar die Suid-Afrikaanse Regering bykomende belastings op hierdie dinge gehef het — en dit is vanselfsprekend reg dat daar by sulke ontbeerlike middele begin word — het die Britse regering verkies om eerder voedsel te belas as die volk se rookgoed en drankies. **Die Britse volk sal meer betaal vir brood, vleis, melk, tee, kaas, botter, eiers en petrol — wat nodig is vir die produksie van voedsel, maar op drank en tabak is geen verdere belasting gehef nie.**

Dit is dan ook 'n feit dat hoe groter Brittanje se ekonomiese agteruitgang hoe meer drink en rook die Britse volk. Vergelykende syfers van die afgelope paar jaar toon 'n groot toename in die verbruik van drank en tabak. Hulle het verlede jaar meer gedrink as in enige ander jaar sedert 1951. In laasgenoemde jaar was die gemiddelde maandelikse verbruik van sterk drank (uitgeslote bier) 890,000 gelling teenoor 840,000 in 1950 en 800,000 in 1949. Rokers het verlede jaar gemiddeld 18,430,000 pond tabak per maand opgerook teenoor 17,810,000 die vorige jaar.

**TOON VERVAL**

**Hierdie Britse uitkyk wat liewer voedsel belas as drank en tabak, staan ongetwyfeld in die teken van verval. Dit openbaar die gees van 'n volk wat nie meer wil werk nie, maar rustig sy pyp wil rook oor 'n glasie. Hierdie volk verwag dat jeugdiger lande hom uit sy ellende moet help. So het die Britse minister van finansies in sy begrotingsrede met groot waardering gepraat van die bereidwilligheid van die dominiums om Brittanje te help. „Die manier waarop die lede van die Statebond op my oproep geantwoord het, herinner my aan hul roerende antwoord in meer as een oorlog," het die heer Butler verklaar, en daaraan toegevoeg dat Suid-Afrika se antwoord in hierdie geval „onmiddellik en hartlik" was en dat by oortuig is dat Brittanje minstens £50 miljoen se goud en miskien heelwat meer van Suid-Afrika sal kan kry.**

# V.S.A. VRA BETALING VAN S.A. VIR KOREA-HULP

**Die Amerikaanse departement van verdediging het verlede maand aan die Suid-Afrikaanse Regering 'n rekening van £1,785,700 voorgelê ter „gedeeltelike" effening van die onkoste verbonde aan die Suid-Afrikaanse lugeskader in Korea.**

Daar is verduidelik dat die rekening betrekking het op Amerikaanse lugmaghulp aan die Suid-Afrikaanse eenheid, en dat dit die tweede betaling is wat van die Unie geverg word. **Die eerste vereffening het in Maart verlede jaar geskied toe 'n bedrag van £814,000 betaal is.**

**Dit beteken dat die Unie net vir Amerikaanse uitgawes ten opsigte van ons aandeel aan die Koreaanse oorlog alleen reeds meer as £2½ miljoen in 18 maande moes betaal. Dit sluit nie ons eie koste om die lugmageenheid daar aan te hou, in nie.**

Suid-Afrika betaal 'n aardige bedraggie vir Churchill en Roosevelt se liefdadigheid teenoor Josef Stalin tydens die oorlog, en vir Truman se dwaashede ná die oorlog.

## Grondbaronne Gewaarsku

Die „grondbaronne" in Suid-Afrika is verlede week deur die Minister van Vervoer, mnr. Paul Sauer, gewaarsku by geleentheid van die opening van Cradock se tentoonstelling. Hy het gesê dat die verskynsel dat sekere rykes soveel grond as moontlik inpalm die regering se aandag geniet. Enkeles kan nie toegelaat word om weens hul finansiële posisie ander van hul plase te druk nie. Hierdie baronne moet onthou dat hulle 'n plig het teenoor hul land en volk.

## Regering Laat Die Stem Vertaal

'n Engelse vertaling van die Stem van Suid-Afrika — wat nog nooit tot amptelike volkslied van ons land verklaar is nie, maar deur die Afrikaanse volk as sodanig aanvaar is, is verlede Saterdag by geleentheid van die Van Riebeeckfees aan die Eerste Minister oorhandig deur 'n komitee wat vir die keuring van 'n vertaling deur die Minister van Binnelandse Sake aangestel is. **Uit 226 inskrywings kon die komitee geeneen vind wat aanbeveel kon word nie en die een wat oorhandig is, is 'n sameflansing uit verskillende pogings en word net as voorlopige vertaling aanbeveel.**

**Dit is bekend dat die broers Hobson hul verhale uit die Suid-Afrikaanse veldlewe in Afrikaans geskryf het omdat hulle dit as die enigste paslike taal beskou het waarin 'n Suid-Afrikaanse stemming weergegee kon word. Ons vrees dat vertalers van Die Stem van Suid-Afrika met hierdie selfde struikelblokke te doen sal kry.**




SANTAM

Hoofkantoor:
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

Suid-Afrikaanse Nasionale Trust- en Assuransie-Mpy. Bpk.




„Kwaliteit tel— daarom het ek oorgeslaan na Rembrandt"

J. G. Ehlers
Tabakboer,
Rustenburgse distrik.
Beker-wenner vir 5 jaar vir beste oonddroogtabak.